NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

12 Augustus 2022: Nr 28/2022

Warmnuus

Sinodesitting 16-20 Oktober

Kliek hier vir die volledige inligting tot op hede.
Inhandiging van geloofsbriewe: *12 Augustus*
Kliek hier vir 'n proforma-geloofsbrief.

Kernmomente tot op hede uit die weeklikse nuus rakende die Sinode:

- Tema: Wysheid in 'n tyd soos hierdie.
- Datum: 16 – 20 Oktober.
- Plek: Weesgerus.
- Insiggewende perspektiewe deur sprekers.
- Afvaardiging: Meerdere sekundi is moontlik en kan afwissel.
- Karavaanverblyf is beskikbaar.
- Sakelys: volledige elektroniese weergawe, asook gedrukte werkskopie.

Geweld, kinders en jongmense

Freek Robinson het onlangs 'n baie insiggewende onderhoud rakende die CMR se doen en late op Litnet gevoer.
Gemeentes word gevra om dit asb. onder die aandag van alle lidmate te bring.
Kliek hier vir die volledige gesprek met Danie J van Rensburg (Voorsitter: CMR Noord) en Ronél Aylward (Algemene bestuurder: CMR Noord).

Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Belangrike fondswysigings
Kliek hier om die omsendskrywe te lees.

Geweld in ons samelewing

Die NG Kerk in die Vrystaat het onlangs inisiatiewe geneem rakende geweld in ons land. Die Noordelike Sinode se moderatuur is dankbaar vir alle pogings om ons land 'n veiliger en beter plek te maak. Die moderatuur steun daarom graag hierdie inisiatief en moedig gemeentes aan om daaraan mee te doen. Loer gerus na die volgende inligting:

Brief deur Jan Lubbe [Moderator van die Vrystaat] "… Ons het ná die verskriklike gebeure op 'n plaas by Kestell – maar ook in die lig van geweld en groeiende vrees elders in gemeenskappe regdeur die Vrystaat – as Interimkomitee met ons broers en susters in die familie van NG Kerke in die Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK Vrystaat) geskakel. Ons het opnuut onder die indruk gekom van hoe weerloos baie van ons mense in hierdie landstreek geword het en in 'n put van moedeloosheid wegsink." [Kliek hier vir volledige brief.]

Persverklaring deur die SARK Vrystaat [Kliek hier om die dokument te lees]

Navrae: Dr Nico Mostert (Vennote in Getuienis: Uitvoerende Amptenaar) vir meer inligting; Tel: 051 406 6700, Sel: 084 560 4671, E-posadres: missio@ngkvs.co.za.

❖ Lentekonferensie

Brosjure nou beskikbaar

Vir die volledige brosjure: Kliek hier
20-22 September
Dié konferensie word volledig aanlyn aangebied.
Om in te skryf, kliek op die skakel: https://forms.gle/WnneBj9X5HNDDdSq9.
Navrae: Kontak Rika by excelsus@up.ac.za

Sinodenuus

❖ Sinodesitting

Wysheid in 'n tyd soos hierdie [Kliek hier vir die volledige inligting tot op hede]

Gemeentes word daaraan herinner dat hulle meer sekundi vir kerkraadslede kan aanwys. Dit beteken dat die kerkraadslede mekaar dus kan aflos, bv. een vir Sondag-Dinsdag en 'n ander een vir Woensdag-Donderdag.

❖ Hoe kontak ons die Sinodehuis

Die Sinodehuis het nie meer 'n Telkomlyn nie. Jy kan die volgende selnommer tydens kantoorure [08:00-16:00] skakel 072 827 6360.

❖ Nuwe handleiding vir diensverhoudinge

Die Algemene Taakspan Predikantesake het pas die hersiening van die bestuurshandleiding vir diensverhoudinge in die NG Kerk afgehandel. Kliek hier om die dokument af te laai.

❖ Naderende aftrede

Aftreesessie vir predikante en amptenare binne vyf jaar van aftrede

12 Augustus per Zoom. Kliek hier vir volledige besonderhede. Bevestig asb. jou bywoning.

❖ Tekslees met 'n verskil

16 Augustus
Skriflesing: *Jesaja 58*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: Kliek hier; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**: 453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Baie geluk!

Pieter Visser [Wierdapark] en sy vrou **Jeané** met die geboorte van hul tweede seuntjie ***Markus***.

❖ Bevestiging

Willem Pelser [Roedtan] het die beroep na **Koedoeskop** aanvaar en word op Sondag *4 September* bevestig. Hy lewer ook sy intreepreek.

❖ Selfsorg

Die liturgie van beweging

Kliek hier om die tweede bydrae van *Pieter Visser* te lees.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

14/08 Johan Laubscher [Rietfontein-Noord]
15/08 Christoph Müller [Groenkloof]
16/08 Lizl-Louise Schoeman [Monumentpark]
Gerhard Mahne [Emeritus]

17/08 Dini Smit [Tuinrand]
Bernice Serfontein [Waterkloof]
18/08 Johan van Zittert [Emeritus]
20/08 Corné Bootha [Magalieskruin-Pretoria]

14/08 Maggie Britz [Eggenote van Driaan Britz, Pierneefrant]
15/08 Irene Breedt [Eggenote van Kobie Breedt, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Baie geluk!

Elandsrand [14/08/1988]

❖ Wespoort

❖ Universiteitsoord

Winterkonsertreeks

Soos altyd, is ons orrelkonserte gratis, maar donasies word verwelkom en word aangewend vir die instandhouding van ons pragtige orrel.

11 Augustus 19:00 – Die Orrelis Wolfgang Zerer van Hamburg: R100

14 Augustus 11:00 – Orrel en trompet met Pieter van den Berg en Braam van Tonder: donasie.

21 Augustus 11:00 – Die Orrelis Theo van Wyk: donasie.

Skarrejag 2022

13 Augustus [08:00 tot 13:00] - **Universiteitsoord** is vreeslik opgewonde oor vanjaar se derde Skarrejag! Registrasie begin 08:00 by die kerk. Die wegspringtyd vir almal is eers 10:00. **Inskrywings: www.universiteitsoord.co.za**.

Greenleaf

Borg 'n inspirasie, 'n droom, lewensvaardighede vir 'n student of tiener as deel van 'n lewensveranderende Christelike kamp. Stuur jou huishulp/tuinwerker se kind (16 jaar en ouer) op 'n heerlike kamp en skenk hulle 'n wonderlike geestelike ervaring en groei vir slegs R300. Jy kan ook 'n donasie gee om studente of tieners wat nie aan jou bekend is nie te borg. Die kamp is werklik lewensveranderend!

Wanneer: *16-19 September*; **Waar**: Altelekker-Jeugkampterrein;
Vir meer inligting of navrae: charlotte.sibanyoni@up.ac.za.

❖ Wonderboom-Suid

Antwoord God jou gebede?

Enigeen is welkom om in te skakel. Bring asb. jou Bybel, Notaboek & Pen.

Wanneer: *20 Augustus* [12:30-16:30]
Waar: Wonderboom-Suid gemeente
Toegang: Gratis

Bespreek asb. by 083 707 2952 via Whatsapp ter wille van getalle en voorbereiding van verversings. **Navrae:** Johan van As, 083 707 2952.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Lees die Bybel

16-17 Augustus [08:30-16:30]
In hierdie ***aanlyn*** werkswinkel word daar gefokus op die ***Nuwe Testament*** as dokument vir evangelisering. Dit word as die hartklop van 'n missionale ekklesiologie beskou. [**Kliek hier** vir meer inligting]
VBO: 20 punte; **Inskrywing**: https://forms.gle/zB6p3NxA9n883BpE7 [**Sluitingsdatum** *12 Augustus*]

Leierskapsgeleentheid

Dit is weer tyd vir die jaarlikse **RITME Leierskap geleentheid:** *23 Augustus, 8:30-13:00.* Waar: Dei Gratia Gemeente, Pierre van Ryneveld, Pretoria. R200 per persoon (Dit sluit alle verversings en koffie/tee in vir die oggend.) Jy kan jou kaartjie by hierdie **skakel** bespreek.
Johan Smith en *Stephan Joubert* nooi jou om 'n oggend saam te kom kuier. Hier oggend is vir almal, jy hoef nie formeel in 'n leierskapsposisie te staan om dit by te woon nie. Dit is 'n stuk geestelike verryking vir enige iemand. Bring jou kollegas of jou bybelstudie-groepie. Almal is welkom!
VBO: 4 punte word toegeken.

Projek Moraliteit 2022 (ProMores)

Datums: *1 September*: Seminaar 1; *12-13 September*: Seminaar 2; 1-*2 November*: Seminaar 3
Kliek hier om die uitnodiging te lees.

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
6 - 8 September; 14 – 17 November 2022; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Ander nuus

❖ Kerkbode

Kerkbode berig dat Suid-Afrika vanjaar goed verteenwoordig sal word tydens die byeenkoms van die Wêreldraad van Kerke. Dit sal die eerste keer sedert die 1960's wees dat 'n amptelike afvaardiging van die NG Kerk in Suid-Afrika weer die algemene jaarvergadering sal bywoon. Die geleentheid vind van *31 Augustus tot 8 September* in Karlsruhe, Duitsland plaas. **Kliek hier om die artikel te lees**.

Lees 'n mooi storie met 'n video oor NG Gemeente Ysterplaat wat op verskeie maniere hul kerkgebou aanpas om kwesbare kinders in hul gemeenskap te help. **Kliek hier en lees verder**.

Depressie se verskillende vorme en die kerk as veilige hawe vir mense wat hiermee saamleef is die tema van jeugleraar ds. Ivor Swartz se nuwe boek, 'Vier die lewe! Leer dans in depressie' en sy gelyknamige TV-reeks vir VIA wat in September op die kassie gaan wys. **Lees meer daaroor hier**.

❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

Onderhoud met CLF skrywers en illustreerder

Skakel Dinsdagoggend *16 Augustus* tussen 09:00 en 11:00 in op Radio Kansel se 'Lééf - met hart & siel' wanneer Christine Ferreira met Ewald van Rensburg, Siegfried Louw, Alistair Ackermann en Karen Swart gesels.
Ewald en Siegfried gesels oor hulle kinderboek, Aangenaamsdal se geheim – Paaie van gebed wat na God lei, tesame met Alistair wat die illustrasies gedoen het. Ewald vertel ook meer oor Fletcher vra hoekom, wat hy saam met sy dogter Liani geskryf het. Karen Swart gesels oor haar boek, God in die gewone.
* Hierdie boeke is ook by al CLF se boekwinkels beskikbaar.

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif

Disagreements
are fine,
disrespect
is not.